# Die Heilige Gees: Krag of Persoon? Omgeegroepe 17-23 Mei 2015

**1. Lief en Leed**
Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**
Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en bid saam vir die hoor van sy stem uit die Woord.

**3. Luister na God se Woord**
Lees Efesiërs 1:1-14. Efesiërs is ’n omsendbrief wat aan verskillende gemeentes in Klein-Asië gestuur is, maar veral aan die gemeente in Efese. Die rol en werking van die Heilige Gees maak ’n belangrike deel uit van die brief. Miskien kan jy in jou stiltetyd hierdie week moeite doen om die hele Efesiërsbrief deur te lees.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Gesels oor die Heilige Gees. Dalk moet julle nadink oor hoe ons die Drie-eenheid van God verstaan (of nie verstaan nie). Hoe openbaar God Homself aan ons? Ons weet dat God Homself in die algemeen aan alle mense openbaar – o.a. deur die skepping! Maar God openbaar Homself spesifiek aan ons deur sy Woord! Hy laat Homself ken as Vader, Seun en Heilige Gees. Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Triniteit – die Drie-eenheid van God! Gesels saam oor hoe mense (ook ander kerkgroepe) en julle die Heilige Gees se rol en werking sien.

**5. Luister nou weer na die Woord**
Lees nou weer die gedeelte en dink en praat oor wat daar staan. Wat beteken die *seëninge van die* Gees? En dat die *Heilige Gees wat deur God belowe is, ons tot sy eiendom* beseël? En dat die Heilige Gees die *waarborg* is? Dit (en meer) is alles dinge waarby ons hierdie Pinkstertyd gaan stil staan! Beteken dit alles dat die Heilige Gees ’n Krag is of ’n Persoon wat kragtig in ons werk?

**6. Fokus op wat God doen**
Belangrik om te verstaan, is dat die Heilige Gees ‘n Persoon is! Iemand wat ons kan aanbid en verheerlik en bedroef. Iemand met wie ons in ‘n verhouding staan. Hy getuig immers saam met my gees dat ek ‘n kind van God is – sê Romeine 8. Daar is wel plekke in die Bybel waar van die Heilige Gees gepraat word as die mag of krag van God. Die woord vir gees, asem en wind is dieselfde, maar dit beteken nie dat Hy ‘n onpersoonlike mag is wat van God af uitgaan nie. Soos ons van iemand sou praat as ‘n krag in die samelewing of ‘n goeie invloed, praat die Bybel soms oor die Gees. Maar meer dikwels – veral in die Nuwe Testament, praat die Bybel van die Heilige Gees as ‘n Persoon. Jesus noem Hom die Trooster – die Voorspraak. Dit is Hy wat ons as die eiendom van God beseël en dit is Hy wat in en deur ons bely – dat Jesus die Here is!

**7. Antwoord met ons lewe**
Ons lewe is ’n antwoord op God die Heilige Gees wat Homself aan ons gee en met ons in verhouding staan. Dan word ons lewe, gawes en getuienis seëninge in God se hand waarmee ander aangeraak en God verheerlik word.

**8. Bid nou saam**
Bid nou vir hierdie Pinkstertyd – dat God ook in jou en my hart die vlam sal laat brand van die teenwoordigheid van die Heilige Gees en dat ek en jy verdiep en verinnig sal word in ons verhouding met Hom! Mag hierdie Pinkstertyd vir jou en jou groep/geliefdes en vir die kerk en koninkryk tot seën wees! Bid vir Pinkster en ook vir die Basaar (Dankfees) wat voorlê.

**9. Administrasie**
Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang en beplan om saam die Pinksterreeks by te woon.